Missie Japan Lydenstyd-flits: Maart 2017

Ondersteun: maak 'n verskil

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie wat afhanklik bly van ondersteuning deur individue, groepe en gemeentes regoor die wêreld.

MAAK 'N BYDRAE

Missie Japan media

Volg op Facebook

Volg op Webtuiste

Oor Stilte

wat uitroep

Beste ,

Dis donker en koud, en ek vat my drafpad voor die son opkom. Die lied waarna ek luister terwyl ek peinsend tree-vir-tree gee - ***In verwondering**** - se lirieke tref vanoggend ‘n ander snaar. “*Die Skepper sing sterre wat boorde vol hang, en dansend klou aan die nanag se wang. Die spieël aan die hemel weerkaats en vertel: Hy is Heer. Die Skepper wek woorde, woorde wat leef. Hy laat Sy asem met mense verweef. Die heelal in die hemel en die heelal in my, skree in die stilte: God is by my.”*

Gewoonlik is daar ‘n geborge gevoel in my binneste wanneer ek in die vroeg-oggend stilte, onder die sterrehemel, iets van God se teenwoordigheid rondom my ervaar. Iets wat my óók wil laat saam “**skree in die stilte: God is by my**”. Maar vanoggend is dit anders. Dis ‘n getemperde stilte in my hart, want dis lydenstyd. En net voordat ek gaan draf het, het ek oor ‘n andersoortige stilte gelees uit die boek ***Silence and Beauty****.

En só, in die ritme van die draf, wentel my gedagtes pal rondom die skreiende kontras van stiltes in Japan se verlede. Die stilte waaroor **Shusaku Endo** skryf (in die boek ***Silence)***, skreeu woordeloos oor ‘n skrikwekkende deel van Japan se geskiedenis. Naamlik, die era van gewelddadige vervolging van Christene in die laat 16e en vroeg 17e eeue. Toe die bloed van martelare amper tot die totale uitwissing van die kerk gelei het.

Die ongenaakbare vervolving sou uiteindelik twee en ‘n half eeue lank voortsleep, en Japan se era 230 jaar van self-opgelegde isolasie (oftewel *sakoku*), inlui. Endo beskryf Japan as ‘n ongasvrye moeras: teenoor die eerste sending-pogings o.l.v. die Spanjaard Francis Xavier. Ander gesê, die destydse vyandige houding jeens die Christendom was nie net tekenend van die onversoenbaarheid van Westerse en Oosterse kulture nie. Ook nie net – te verstane – in verset teen verskuilde (Rooms-

Katolieke) Europese kolonisering, onder die vaandel van evangelisasie nie. Maar die Japannese teenreaksie was ook op ‘n dieper vlak tekenend van ‘n kil, ontnugterde gegil in die stilte … ***Waar is God!?***

Iewers tussen die verskuildheid en teenstrydigheid van God se oënskynlike afwesigheid – terwyl Christene geruisloos en onmenslik verniel is - ontdek Endo ‘n onnoembare skoonheid. Op ‘n tipiese Japannese manier - in die konteks ná die Tweede Wêreldoorlog – beskryf hy **skoonheid deur lyding en opoffering**, in die skaduwee van mense se magsvergrype.

Die weerlose uitroep van Jesus eggo in my kop. “My God, my God, waarom het U my verlaat?”. (Matt. 27:46). Want by die kruis word hierdie verskuildheid en teenstrydigheid inmekaar gevleg om ‘n vreemde skoonheid te ontsluit. Die lyding van Christus is nie leeg of sinloos nie. God se **vreemde verlossing** word juis daardeur glashelder. God is by my. By ons elkeen. In die stikdonker-stilte én in die uitgewekene se uitroep …

Wanneer jy in hierdie **lydenstyd** die uitdagings en pyn van jou eie konteks bepeins, mag jy ook die gedeelde lyding van jou Japannese broers en susters onthou. Lees gerus hieronder verder oor Japannese Christene se lyding, en hoe ons vandag kan **bid** vir, en saam met, hulle.

In verbondenheid. Met groot waardering vir elkeen wat ondersteun, bid en meeleef.

Stéphan, Carina, Annlie, Cornelius, Lodewyk en Stephan (jnr.)

* In verwondering is geskryf deur Louis Brittz, Retief Burger, Neil Büchner & Helmut Meijer.

** *Silence and Beauty* is ‘n diepsinnige kommentaar deur die kunstenaar Makoto Fujimura op die wêreldbekende boek *Silence*, deur die Japannese skrywer, Shusaku Endo. Die boek is onlangs in ‘n aangrypende film omskep – *Silence* – deur die alombekende regisseur Martin Scorsese.

*** Die foto is gebruik met erkenning aan http://fakeassposters.com

Die foto hierbo is vanoggend geneem in Kochi, op my drafpad.

GEBEDSVERSOEKE

Bid asseblief vir Japannese Christene in Japan in lydenstyd:

- Om deel te wees van minder as 1% van die samelewing (i.t.v. geloofs-oortuigings) impliseer emosioneel-psigiese lyding uit die staanspoor.
- Vir baie Christene gaan hulle keuse vir Christus en kerk-betrokkenheid gepaard met stress en verwerping uit familie-, werks- en vriendekringe.
- Baie van hulle is die enigste gelowiges in hulle gesinne, en veral oudste seuns moet hulle Boeddhistiese pligte teenoor hulle ouers nakom. Dit veroorsaak spanning en konflik in verhoudinge.
- 'n Hoogs kompeterende samelewing maak baie min ruimte vir

kerklike aktiwiteite en ondersteuningsnetwerke. Op die platteland veral, maak konserwatiewe godsdienstige feeste (Shintoïsties en Boeddhistiese) en gebruike in skole en gemeenskappe dat Christene uitstaan en vereensaam.

Persoonlik:

Dank saam met ons die Here vir:

- 'n Baie sinvolle en geseënde dag van verootmoediging en toewyding by Kobe Reformed Theological Seminary (KRTS), van al die studente en dosente (3 Febr).
- 'n Goeie eerste kwartaal wat verby is, by KRTS en in ons tuisonderrig program. Ek en Carina skarrel om voor te bly met voorbereidings, maar dit het goed gegaan. Ons val reeds in met die volgende kwartaal se werk, en is dankbaar vir krag, visie en gesondheid.
- Verskeie geleenthede wat ons gehad het om die afgelope maande mense aan huis te ontvang en bedien (vriende, familie, studente ens.)

Vra saam met ons vir die Here se leiding en genade in:

- Die sesde herdenking van die groot rampgebeure (aardbewing, tsoenami en kernkrag-ramp) in die Noord-Ooste van Japan, op 11 Maart. Bid asb. dat die saad wat wyd gesaai is deur ekumeniese Christelike dienswerk en volgehoue betrokkenheid by ramp-slagoffers, vrug sal dra.
- Voorbereidings vir die koms van 'n groep van ses leraars uit Suid Afrika (8-17 April), onder leiding van Missie Japan leiers, dr. Pieter Van Jaarsveld en ds. Johann Winterbach. Ek sal mettertyd meer detail gee, maar die hoof fokus is verdiepte verhoudings tussen die NG

Kerk-familie en RCJ; vars blootstelling vir jong predikante, nuwe visie en energie vir die toekoms van ons diep-gevestigde vennootskap in getuienis: in kort die vorming van nuwe leierskap.

- Carina se veelvuldige rolle en take as ma en tuisskool onderwyser, bediening van Kweekskool studente (en sommige se vroue), Engelse klasse vir enkele KRTS studente, gemeente lidmaat van RCJ Kita Kobe, sendeling-wees deur vriendskap-evangelisasie in ons gemeenskap – veral ook teenoor mense wat Christus nie ken nie – waar ons die enigste nie-Japannese mense is in die onmiddelike omgewing van 2000 huishoudings.
- Ons kinders (Annlie, Cornelius, Lodewyk en Stephan) se fisiese en emosionele gesondheid, geestelike groei, taalvaardigheid (Afrikaans, Engels en Japannees), tuisskool opleiding en sosiale lewe.
- Gys en Linda Olivier, Missie Japan sendeling-onderwysers (Engels) by SEIWA Meisiesskool op Shikoku eiland in Kochi stad, hulle daaglikse skoolwerk, verhouding met mede-onderwysers (almal Japannese), noue betrokkenheid by die skoolkinders, hulle Christelike getuienis en impak. Hulle eie kinders, Linie en Johan, wat volledig in die Japannese samelewing, kultuur en taal opgroei.

Bid asseblief vir Stephan se voorbereidings vir die volgende weke se program (alles in Japannees):

- Voorbereiding vir en aanbieding van lesings oor Pastorale Teologie en Sorg.
- Betrokkenheid en rol in dosente-vergaderings, personeel-vergaderings, personeel bidure, evaluering van studente se preke,

daaglikse kapel eredienste, kweekskool vroegoggend bidure.

- Preekbeurte: Woensdag 15 Maart by KRTS biduur, Sondag 19 Maart by Marugame gemeente op Shikoku eiland; en 26 Maart by RCJ Sendai Kanan gemeente. Ek sal daardie middag ook ‘n (sensitiewe) gesprek lei oor gender-verhoudinge, met mans en vroue van die Tohoku area (RCJ Noord-Oostelike Ring).
- Betrokkenheid by Seikeikai Welsyns-sentrum vir gestremde persone naby Hiroshima op 16 Maart (as lid van RCJ Sinode se Diakonale Aksie-kommittee)
- Reëings vir ons deputasie besoeke in Suid-Afrika tussen Julie en Oktober 2017.

Our mailing address is:
Mission Japan
Kita Ku
Shobu Ga Oka 3-1-3
Kobe City, Hyogo Prefecture 651-1306
Japan

Add us to your address book

unsubscribe from this list update subscription preferences